

12 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 13 (OAV)

Die sonde van Saul om self die brandoffer te bring

As Samuel talm om te kom en die manskappe begin dros, bring Saul eiehandig die brandoffer. Dit was verkeerd omdat net 'n priester dit kon doen. As Samuel hom dan ook tereg wys, is sy verskoning dat hy die aangesig van die Here om genade wou smeek (13:12). Letterlik beteken die woorde "om iemand gunstig te stem". Met ander woorde: met sy offer wou Saul God oorreed om hulle teen die Filistyne te help. Eintlik het Saul die Here nie werklik vertrou nie. Ses dae lank wel, maar toe die sewende dag aanbreek en Samuel kom nie, het sy vertroue op die Here soos mis voor die son verdwyn. En daarom offer hy in kleingeloof om God aan sy kant te kry. Toe Samuel vir Saul tot verantwoording roep en vra: "Wat het jy aangevang?" het Saul die gulde geleentheid gehad om berou te toon. Hy kon gesê het: "Ek was ongeduldig, ongehoorsaam, ongelowig. Bid tog dat God my sal vergewe"! Maar hy doen dit nie. Hy verontskuldig homself deur eers die volk, dan vir Samuel, en dan vir die Filistyne te beskuldig. Daarom die straf: Jy het dwaas gehandel. Jou koningskap sal nie bestendig word nie.

Vir hierdie verkeerde gesindheid van koning Saul moet ons oppas. Ons lees nie Bybel en bid en gaan nie kerk toe en doen goeie werke om die Here goedgesind te stem nie. As dit ons gedagte is, kan ons dit maar laat staan. Nee! Ons doen dit uit dankbaarheid omdat God, uit genade, in Jesus Christus en deur sy Heilige Gees ons goedgesind is. En daarom moet ons rekenskap gee: Met watter gesindheid dien ons die Here?

Sing: Psalm 139:12

Dr CJ Malan (Emeritus)